


Die Sendingstasie **PHILIPPOLIS**

'n Histories-opvoedkundige Studie



I S J Venter

811
MISCELLANEA SPECIALIA 7



UNISA 1991



Adam Kok II

Griekwa-hoofman Adam Kok (Halford s.d.:II)

Die Sendingstasie Philippolis

'n Histories-opvoedkundige Studie

I S J Venter

Departement Historiese Opvoedkunde
Universiteit van Suid-Afrika

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA, PRETORIA

© 1991 Universiteit van Suid-Afrika

Eerste uitgawe, eerste druk

ISBN 0 86981 685 3

Geset en gedruk deur die Universiteit van Suid-Afrika,

Pretoria

Uitgegee deur die Universiteit van Suid-Afrika,

Posbus 392, 0001 Pretoria

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier - hetsy meganies of elektronies, met inbegrip van plaat- en bandopnames en fotokopiëring - gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die uitgawer nie, met die uitsondering van redelike aanhalings vir navorsings- of resensiedoeleindes.

INHOUD

PROBLEEM- EN DOELSTELLING	1
VOORGESKIEDENIS VAN DIE GRIEKWAS	1
SENDINGWERK EN -OPVOEDING TE PHILIPPOLIS	2
Ontstaan en beleid van die LMS	3
Totstandkoming en bestuur van Philippolis	9
Sendingwerk en -opvoeding	10
<i>Die eerste jare, 1823-1828</i>	11
<i>Tydperk van bestendige vordering, 1829-1836</i>	12
<i>Dienstyd van eerww. Theophilus Atkinson en Gottlob Schreiner, 1836-1842</i>	14
<i>Dienstyd van eerww. Peter Wright en W. Y. Thomson, 1843-1849</i>	16
<i>Vinnige verwisseling van sendelinge, 1849-1851</i>	19
<i>Dienstyd van eerw. Edward Solomon, 1851-1857</i>	19
<i>Die laaste jare, 1857-1861</i>	21
BETEKENIS VAN DIE SENDINGSTASIE PHILIPPOLIS	22
Inleidende opmerkings	22
Betekenis op die gebied van kerk en skool	23
Betekenis op sosio-ekonomiese gebied	27
Betekenis op politieke gebied	30

Bylae: Die sendingstasie Philippolis, 1823-1861

34

Verwysings

36

Bronnelys

40

PROBLEEM- EN DOELSTELLING

In hierdie monografie sal gepoog word om vanuit 'n histories-opvoedkundige perspektief te verduidelik hoe 'n tipiese sendingstasie van die Londense Sendinggenootskap (LMS) in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu daar uitgesien het.

Soos seker algemeen bekend, het die sendelinge van die LMS vanaf 1826 te Philippolis in die Suid-Transgariep onder die Griekwas van Adam Kok gearbei. Die volgende sake sal dus in dié verband aangeroer moet word: die voorgeschiedenis van die Griekwas, die ontstaan en beleid van die LMS, die totstandkoming van die sendingstasie, die inrigting en organisasie van die gemeenskap te Philippolis en die werk wat deur die jare heen op die gebied van *kerk en skool* gedoen is. Uiteindelik sal gelet moet word op die besondere betekenis wat die sendingwerk en verblyf van die sendelinge aldaar op velerlei gebiede gehad het.

VOORGESKIEDENIS VAN DIE GRIEKWAS¹

Die bevolking onder wie die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap te Philippolis sendingwerk en -opvoeding gedoen het, het hoofsaaklik bestaan uit 'n gemengde Hottentotstam wat oorspronklik noord van die Kaap gewoon en mettertyd die naam 'Griekwas' aangeneem het. Dwarsdeur die geskiedenis het hierdie mense onder die kapteinskap van een of ander lid van die Kok-familie gestaan.

Die verhaal neem 'n aanvang in die laat 17de eeu toe die eerste Adam Kok sy vryheid as slaaf ontvang het en 'n rekwesplaas deur die Kaapse regering aan hom toegeken is te Piketberg, naby St Helenabaai. (Hier het sy seun, Cornelius, in 1746 die eerste lewenslig aanskou.)

Na 'n verblyf alhier van 'n hele aantal jare, verhuis Kok met sy volgelinge na die Kamiesberge waar hy die oorblýfsels van die Griekwastam om hom versamel en 'n ampstaf deur die Kaapse Goewerneur aan hom oorhandig word as bewys van sy kapteinskap.

Kok het hom vervolgens te Pella, suid van die Groot- of Garieprivier, gevestig en hier het hy en sy mense die eerste keer onder die geklank van die Woord gekom toe die sending Albertse hom onder hulle gevestig het (Halford s.d.:17).

In 1795 het Kok die hoofmanskap aan sy seun Cornelius oorgemaak en vyf jaar later is hy op 90-jarige leeftyd in die Kamiesberge oorlede.

Die nuwe Griekwa-hoofman (Cornelius Kok) was teen hierdie tyd reeds 'n welgestelde man met heelwat invloed, en weens sy jarelange kontak met sendelinge was hy in staat om te lees en te skryf. Maar net soos sy vader was hy rusteloos van geaardheid: mettertyd het die Griekwas hul grond in die Kamiesberg verkoop en hulle langs die Oranjerivier gevestig.

In die tussentyd was die Basters onder Barend Barends - in wese ook maar Griekwa-Hottentotte - ook besig om vanuit die gebied noord van die Kaap verder noordwaarts te beweeg, totdat hulle hul uiteindelik eweneens langs die Oranjerivier (by Prieskasdrif) gevestig het. Teen die einde van die 18de eeu het die Kok- en Barendstam van die Griekwas oor 'n gebied van bykans 600 myl verspreid langs die Oranje gewoon en sowat 5 000 siele getel (Stow 1905:374).

Twee sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, naamlik eerww. W. Anderson en C. Kramer, het in die jaar 1800 tussen die Griekwas begin werk en onder hul leiding het die Griekwas hulle noord van die Oranje- en wes van die Vaalrivier gevestig in die gebied wat later as Griekwaland-Wes bekend gestaan het. Cornelius Kok het hom te Klaarwater (die latere Griekwastad) gevestig, terwyl Barend Barends te Daniëlskuil gaan woon het. Hierdie nedersettings is deur die Kaapse regering erken: Cornelius Kok het 'n ampstaf ontvang en ook aan Barend Barends is erkenning as kaptein verleen. Eersgenoemde het egter weldra sy seun, Adam Kok II, in sy plek benoem en na die Kamiesberge teruggekeer.

In 1812 het eerw. John Campbell van die Londense Sendinggenootskap Klaarwater as agent van die genootskap besoek waar hy 'n bevolking van sowat 2 000 aangetref het. Op sy versoek het die bevolking die naam 'Griekwas' aangeneem en is die naam van Klaarwater ook verander na Griekwastad (Marais 1957:36).

Interne struwelinge in die geledere van die Griekwas - byvoorbeeld die verkiesing van Andries Waterboer as hoof te Griekwastad met die hulp van die sendelinge - het Adam Kok en Barend Barends laat besluit om heeltemal uit Griekwaland-Wes pad te gee en hul heil elders te gaan soek.

SENDINGWERK EN -OPVOEDING TE PHILIPPOLIS

Nadat die Griekwas Griekwastad verlaat het, het hulle hul ná 'n kort tydperk van rondswerwery te Philippolis gevestig waar hul bykans 4½ dekades lank deur die

sendelinge van die Londense Sendinggenootskap bearbei is. Vooraf moet daar dus baie kortlik ingegaan word op die ontstaan en algemene sending- en opvoedingsbeleid van die LMS.

Ontstaan en beleid van die LMS

Die Londense Sendinggenootskap, net soos ander groot godsdienstige en filantropiese organisasies wat aan die einde van die 18de en begin van die 19de eeu ontstaan het, was kind van die Evangeliese Herlewning in Engeland wat as gevolg van die werk van Whitfield en die Wesleys besondere stukrag ontvang het.

Die eerste kwart van die 18de eeu was een van die teleurstellendste tydperke in die godsdienstige geskiedenis van die Engelse volk: ‘... nonconformity was living a life of decorous dullness, producing little or no effect upon the religious experience of the age; infidelity ... was rampant; while the masses of the people had sunk to an almost incredible level of ignorance and brutality’ (Lovett 1899:2).

Gedurende die laaste jare van die eeu het daar egter 'n groot verandering ten goede ingetree: die Metodistiese Sendinggenootskap het uiterwaardevolle arbeid verrig, die Anglikaanse Staatskerk is eweneens uit sy geestelike doodsheid opgewek, ‘and upon the hearts of all evangelical Christians had been laid the burden of the world’s sin and sorrow and needs in a way quite new in English history’ (Lovett 1899:2). Een van die eerste resultate van hierdie groot kentering was die totstandkomming van die Londense Sendinggenootskap in 1795 en die uitstuur van sendelinge, onder meer ook na Suid-Afrika.

Wat betref die algemene *doel en beleid* van die LMS, dien puntsgewys op die volgende gewys te word:

- (a) Reeds op 28 September 1795 het die nuut verkose beherende liggaam, die ‘Board of Directors’, die volgende ‘Rules for the Examination of Missionaries’ (Lovett 1899:43) aanvaar:
- (1) ‘No man shall be a missionary of this Society unless the Committee of Directors appointed for the examination of missionaries are unanimously satisfied that he possesses an eminent share of the grace of God, and appears to have a call to this particular work.’
 - (2) ‘It is not necessary that every missionary should be a learned man; but he must possess a competent measure of that kind of knowledge which the object of the mission requires.’

- (3) ‘Godly men who understand mechanic arts may be of signal use to this undertaking as missionaries, especially in ... Africa ...’
 - (4) ‘Every missionary must be well apprized of the difficulties and dangers of the undertaking, and be willing through divine help to encounter them.’
 - (5) ‘Every candidate shall express his desire and motives in writing.’
 - (6) ‘Every candidate shall send or bring with him a certificate with regard to his experience in the Christian life, and his standing in the Church, from the minister ... of that congregation to which he belongs, countersigned by a Director.’
 - (7) ‘If the committee are unanimous in approving the candidate on the fullest examination, he shall be immediately accepted; if two-thirds or more approve, his case shall stand over for further enquiry; but if two-thirds do not approve, he shall be immediately rejected.’
 - (8) ‘From the time of a person’s being chosen to this work to his being actually sent out, he shall be subject to the will of the Directors, who shall do whatever is in their power to promote his fitness for his particular destination.’
- (b) Enkele maande later, op 9 Mei 1796, is 'n uiters belangrike besluit (wat sedertdien bekend gestaan het as die *Fundamental Principle*) deur die direkteure aangeneem - 'n besluit wat van groot betekenis was ten opsigte van veral die oorsese werksaamhede van die genootskap (Lovett 1899:49). Dit lui:

As the union of God's people of various denominations, in carrying on the great work, is a most desirable object, so, to prevent, if possible, any cause of future dissension, it is declared to be a *Fundamental Principle* of the Missionary Society, that our design is not to send Presbyterianism, Independency, Episcopacy, or any other form of Church Order and Government (about which there may be differences of opinion among serious persons), but the Glorious Gospel of the blessed God to the Heathen: and that it shall be left (as it ever ought to be left) to the minds of the persons whom God may call into the fellowship of His Son from among them to assume for themselves such form of Church Government as to them shall appear most agreeable to the Word of God.

- (c) In Oktober 1818 het die direkteure van die LMS 'n nuwe regulasiekode opgestel met die oog op sendingwerk in Afrika (Lovett 1899:540, 541). Een belangrike stipulasie lui:

It is a duty which the Directors owe to the great cause of propagating the Gospel among the heathen, no less than to the Society for which they act, to press on the attention of all their missionaries the obligation of finding their support from the people among whom they labour. This principle is of the greatest importance, and the acting upon it in any station will be itself a security for the progress of the Gospel in that place. But while the principle is kept in view, so long as the circumstances of particular missions shall make it absolutely necessary, the Directors will afford to the missionaries a suitable support.

(Soos verder aan sal blyk, het die toepassing van hierdie beginsel te Philippolis daartoe gelei dat die sendingstasie omstreeks 1855 geldelik heeltemal selfstandig geword het.)

(d) Reeds in die stittingsjaar van die LMS (1795) is 'n 'Plan of the Society' (ofte wel 'n grondwet) vir die genootskap as geheel aanvaar. Die tweede punt lui soos volg: 'The sole object is to spread the knowledge of Christ among heathen and other unenlightened nations' (Morison, s.d.:227).

(e) Een van die slagspreuke wat van die begin af in die geledere van die LMS gegeld het, was dan ook dat die sendelinge van die Genootskap hulle uitsluitlik met sendingwerk en -opvoeding moes besig hou en politieke aangeleenthede links moes laat lê. (In hoeverre hierdie regulasie nagekom is, spreek uit die doen en late van dr John Philip,² Superintendent van die LMS in Suid-Afrika sedert 1819, asook uit die arbeid van die sendelinge wat deur die jare heen te Philippolis gearbeï het - vgl. die bygaande voetnoot oor Philip en die onderafdeling getitel 'Betekenis van die sendingwerk' verder aan.)

(f) Aansluitend by die vorige punt: hand aan hand met die proses van kerstening, beskawing en evangelisering, moes die proses van *opvoeding* gaan. Eintlik moes sake andersom verloop: opvoeding moes die behoefté aan verchristeliking voorafgaan, as 't ware die wens om in die Christelike kerk opgeneem te word laat ontstaan.

(g) Maar soos hierbo reeds aangedui, is sendingopvoeding konsekwent beskou as deel van die sendingtaak. Soos die Britse skrywer James (1923:16, 81, 82) dit stel op die vooraand van die stigting van die sendingstasie Philippolis:

Education is ... the willing handmaid of the Gospel of Jesus Christ ... [It] has always had a large place in missionary work ... the future turns on whether we can teach. From its earliest days the LMS has believed in education. It has founded schools ... in all its fields and has devoted the very best talent to their

service. It looks upon all such work as evangelistic and vital to enduring success ... the evangelistic needs of the mission involve education almost as a matter of life and death. The problem is all the harder because most missionary churches are made up of uneducated people, and many of them of the most ignorant and poorest classes ... [It] makes education all the more vital to its permanence and strength.

(h) Gedagtig aan wat in die voorgaande punt geponeer is, is dit eintlik vanselfspreekend dat alles deur die LMS in die werk gestel is om die opvoedkundige aspek van die sendingwerk besonder te benadruk. Voortdurend is dan ook gepoog om gesertifiseerde leerkragte te verkry - hoewel die vergoeding altyd maar uiter swak was - en in geval dit nie kon geluk nie, het die sendeling baie dikwels self ingespring om in die opvoedingsbehoeftes van sy gemeente te voorsien, terwyl sy gade veral die vroue en jong dogters betrek het in na-uurse handwerk- en huisvlyt-klasse.

(i) Die kerstening van lidmate het as uitgangspunt geneem die bybring van die Tien Geboeie, die Artikels van die Geloof en die Evangelie soos veral in die Nuwe Testament vervat. Die einddoel in alle geval was opname in die gemeente as volwaardige lidmate.

(j) Die opvoeding het daaruit bestaan dat die eerste beginsels van die lees-, skryf- en syferkuns bygebring is - in die eerste plek daarop gemik om die leerlinge in staat te stel om die Bybel self te kan lees en verstaan. Aan die mees gevorderde leerlinge is ook 'n mate van industriële opleiding verskaf.


(k) Waar die blanke sendeling op die hoofstasie gevestig was, moes daar steeds gepoog word om evangeliste en katekte - afkomstig uit die geledere van die betrokke inboorlingsgroep - plaaslik op te lei en op die buiteposte te plaas waar hulle hul met sendingwerk en -opvoeding moes besig hou.

(l) Hoewel die geldelike vergoeding van die sendelinge en hul helpers in die meeste gevalle uiter gering was, het dr John Philip tydens sy besoek aan Engeland in 1826 die direkteure so ver gekry om die volgende besluit in dié verband te neem: 'That the salaries of the missionaries in Africa be in future as follows: A single missionary or missionary artisan, £75; a married missionary or missionary artisan, £100; for every child, £5.' Daarby sou elke sendingstasie 'n onderwystoelaag van £50 per jaar ontvang (Lovett 1899:543).

(m) Juis omdat die geldelike vergoeding so laag was, het baie sendelinge gepoog om hul karige inkomste te verhoog deur met die stasiebewoners en ander ruil-

handel te bedryf. Die direkteure van die LMS het sodanige praktyke egter weldra ten strengste belet.

(n) Wat die sendingbeheer betref: die sendelinge wat gedurende die 19de eeu op die stasies van die LMS in Suid-Afrika gewerk het - ook dié te Philippolis - het onder beheer gestaan van die direkteure van die Londense Sendinggenootskap in die Engelse hoofstad. Die salarisje van die sendelinge en hul helpers is deur die oorsese genootskap betaal en laasgenoemde was ook verantwoordelik vir die werwing, opleiding en uitstuur van sendingwerkers na die verskillende sendingstasies. Jaarliks moes die hoof van elke sendingstasie 'n verslag aan die direkteure stuur ten opsigte van die vordering van die werk op die gebied van kerk en skool en die algemene toestand op die stasies; so 'n individuele verslag is dan saamgevat in 'n omvattende verslag vir die betrokke jaar vir alle oorsese LMS-sendingstasies. Deur die jare heen het die LMS egter vriendskaplike betrekkinge aangeknoop met die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap (wat in 1799 in die Kaap gestig is), wat die LMS soms in sake van sendingbeheer behulpsaam was.



Philippolis en omgewing (Ross 1976:40)

Die slotsom waartoe geraak moet word, is dat die sendingbeleid van die LMS wat gedurende die vroeë jare van die bestaan van die genootskap gevolg is - dus ook die maatreëls en regulasies wat ten opsigte van Philippolis gegeld het - oor die algemeen redelik suksesvol was en dat bemoedigende resultate op die werksterreine van kerk en skool behaal is (vgl. 'Betekenis van die sendingstasie Philippolis op bladsy 22). Tog was daar te Philippolis (en ander LMS-sendingstasies op Suid-Afrikaanse bodem) sekere faktore aanwesig wat soms uiters stremmend op die sendingwerk ingewerk het. Om slegs enkeles te noem:

- die ongeletterdheid van die meeste stasiebewoners en die lae stand van onderwys en opvoeding onder die inheemse bevolking in die algemeen;
- die voertaalkwessie: die sendelinge moes van tolke gebruik maak totdat hul die spesifieke inboorlingtaal behoorlik bemagtig het;
- politieke onrus op die sendingvelde en inmenging van baie sendelinge in politieke aangeleenthede;
- vyandighede en rusies tussen inboorlinggroepe onderling;
- die isolasie van die meeste sendingstasies;
- die onvermoë van baie sendelinge 'of thinking black' (James 1923:91): baie sendelinge van die LMS was pynlik onervare - beslis was dit die geval ten aansien van die meeste sendelinge wat te Philippolis gearbei het - en soms het hulle ook 'n te streng en onbuigsame houding teenoor die stasiebewoners ingeneem; verwysende na die sewe sendelinge wat gedurende die eerste tydperk van sowat 23 jaar te Philippolis werksaam was, skryf Ross hul mislukkings op allerlei gebiede en gevolglike vinnige verwisseling toe aan 'their own inexperience and ... the deepness of their convictions which precluded compromise ... It was not because their missionaries happened to be particularly incompetent' (Ross 1976:45);
- 'n kroniese gebrek aan die nodige blanke en nie-blanke sendingwerkers en aan genoegsame fondse;
- vadsigheid, ambisieloosheid en dikwels dranksug onder die stasiebewoners.

Totstandkoming en bestuur van Philippolis

In 1823 het landdros Andries Stockenström en ds Abraham Faure van Graaff-Reinet besluit om 'n sendingstasie 20 myl noord van die Oranjerivier te stig op 'n plek wat enkele jare tevore deur ene kolonel Collins, 'n regeringsamptenaar, aan dr John Philip as geskik vir so 'n onderneming uitgewys is. Die stasie, wat na dr Philip vernoem is, was bedoel om die rondtrekkende Boesmans en Korannas in dié gebied te bedien, en 'n nie-blanke, Jan Goeijman, is aldaar deur ds Faure as leermeester geplaas (Interdepartemente Kommissie 1935/36, par. 126).


In 1825 bring dr Philip 'n besoek aan die stasie, maar dit is duidelik dat hy nie beindruk was met dit wat hy daar aangetref het nie. Eerstens het hy Goeijman ontslaan, en daarna op 28 en 29 Augustus 1825 'n ontmoeting met Adam Kok gereël wat op daardie tydstip saam met sy volgelinge suid van die Vaalrivier in die Modderriviervallei rondgeswerf het en hom oorgehaal om hom te Philippolis te vestig. Philip het James Clark as 'missionary artisan' daar geplaas en Kok en sy mense het hulle die volgende jaar (1826) te Philippolis gevinstig (Interdepartemente Kommissie 1935/36, par. 127). Die voorwaarde wat Philip gestel het vir die besetting van Philippolis deur die Griekwas was dat hulle die Boesmans moes beskerm.³ (Oor laasgenoemde voorwaarde sê die geskiedskrywer Theal (1908:43): 'As well might a hyena be put into a fold to protect the sheep.')

Onmiddellik ná die vestiging te Philippolis het Adam Kok vir hom 'n 'herehuis'⁴ van klip laat bou, terwyl sy onderdane oral vir hulle beskuttings opgerig het wat bestaan het uit huise met kleimure en strooidakke. Daarbenewens is mettertyd 'n woning vir die sendeling, 'n kerkie, 'n skool, skure en ander geboue opgerig, bome is aangeplant en tuine en landerye is aangelê. Weldra het Philippolis dan ook die voorkoms van 'n klein nedersetting aangeneem. (Vgl. die illustrasie op p. 10.)

Kort ná die aankoms van die Griekwas te Philippolis is ook 'n regeringstelsel tot stand gebring. Aan die hoof het gestaan Adam Kok en hy het oor omvattende magte beskik; bowendien is hy deur die Kaapse regering as hoofman erken.

Tweede in rang was die Uitvoerende Raad wat uit Kok, Hendrik Hendriks⁵ as sekretaris en ander vooraanstaande ingesetenes bestaan het. Hierdie liggaam het, benewens sy uitvoerende funksie, ook beheer oor die finansies uitgeoefen.

Die Wetgewende Raad (of Volksraad) was derde in rang, het uit twaalf lede bestaan - twee uit elk van die ses wyke waarin die gebied rondom Philippolis verdeel was - en het maandeliks vergader. Afgesien van hul wetgewende aktiwiteite, het hulle ook as hooggereghof opgetree in ernstige sake wat buite die jurisdiksie van die magistrate gevall het.



Die sendingstasie Philippolis (Backhouse 1844:349)

Vierde in rang was dan die eintlike regbank, naamlik die magistrate, wat van tyd tot tyd deur Kok aangestel is. Hierdie mense het nie oor regskennis beskik nie, maar moes hul laat lei deur die Griekwa-wetboek⁶ wat as slagspreuk gehad het: 'De wet is boven alles.'

Laastens dien vermeld te word dat in elke wyk 'n veldkornet aangestel is, wat, hoewel die laagste in die regerende rangorde, tog 'n belangrike funksie vervul het ten opsigte van algemene toesig, die handhawing van wet en orde, en die oproep van weerbare manne en organisering van patrollies in tye van onrus en stryd.

Sendingwerk en -opvoeding

Soos reeds aangedui, is die sendingstasie Philippolis in 1823 deur landdros Andries Stockenström en ds Abraham Faure van Graaff-Reinet gestig met die doel om veral die nomadiese Boesmans te bedien, en 'n Hottentot-onderwyser, Jan Goeijman, is aldaar deur ds Faure as leermeester geplaas.

In die paragrawe wat hier volg, sal gepoog word om die lotgevalle van hierdie sendingstasie vanaf 1823 tot 1861, toe dit opgehou het om te bestaan, kortliks te beskryf.

Die eerste jare, 1823-1828

Reeds in hul Sendingrapport van 1824 het die direkteure van die LMS hulle negatief uitgelaat oor die werk wat deur Goeijman te Philippolis gedoen is: 'We are sorry to say, that no discernable success has, as yet, attended his labours. He complains, that he cannot acquire the requisite influence over the people, and thinks a European Missionary would succeed where he has failed' (Report of the Directors 1824, verkort tot Sendingrapport).

Die volgende jaar (1925) is sake egter tot 'n punt gedryf. Die direkteure het onder meer soos volg gerapporteer: 'When Dr. Philip, in the course of his late tour, arrived here, he found Goeijman devoting himself chiefly to agricultural pursuits, and, of course, not paying the requisite attention to the object of his mission. Upon Dr. Philip prescribing a different plan of proceeding, the teacher, not choosing to conform to it, sent in his resignation' (Sendingrapport 1926).

Soos ook reeds aangedui, het Philip vervolgens vir Adam Kok en sy Griekwas toestemming gegee om hulle by Philippolis te vestig en eerw. James Clark, kategis-ambagsman en voorheen lidmaat van Philip se kerk in Kaapstad, op 2 Junie 1925 op die sendingstasie geplaas (Register of Missionaries: 249).

Eerw. Clark het met groot geesdrif onder die Griekwas op die gebied van kerk en skool begin arbei, dog sy werk is bemoeilik weens die feit dat hy ook na die geestelike behoeftes van die Boesmans wat hul nog op die stasie bevind het, moes omsien.⁷ Gelukkig het hy weldra hulp ontvang in die persoon van eerw. John Melvill van Kaapstad wat aan die begin van 1827 as sendeling te Philippolis geplaas is en wat hom hoofsaaklik op die Boesmans sou toespits.⁸ Desnieteenstaande het laasgenoemde groep 'n kopseer gebly, soos blyk uit 'n skrywe van Clark, gedateer Desember 1828: '... in consequence of *hundreds* of Boers having been over the boundary ... with their cattle ... they are not only driving the Bushmen from their fountains [but also from] the wild game, their principal support; ... they have thus reduced them to the necessity either to steal the farmers' cattle, or perish from hunger' (Macmillan 1928:42).

Die Boesmans kon nie hierdie druk weerstaan nie en eerw. Clark was verplig om weldra saam met hul te verhuis na 'n 'Boesmanstasie' aan die Caledonrivier, sodat Philippolis heeltemal in die hande van die Griekwas gelaat is (Macmillan 1928:42, 43).

Na die vertrek van eerw. Clark het Melvill hom met hernieuwe ywer toegespits op sy sending- en opvoedingstaak onder die Griekwa en selfs die Boeregesinne wat hulle in die omgewing van Philippolis bevind het, bearbei en hulle oorgehaal om

gereeld sy kerkdienste by te woon (Ross 1976:31). Aan die direkteure berig hy in 1828 soos volg:

- Sondae word 'n bidstone onmiddellik na dagbreek gehou en verder die gewone oggend- en aanddienste;
- Sondagmiddae word die kinders by kategetiese onderrig betrek;
- Maandae is daar 'n gereelde sangbyeenkoms;
- ander weeksdae: die Ou en Nuwe Testament word om die beurt verduidelik;
- Saterdae word weer eens 'n biduur gehou;
- die kerkdienste word deur sowat 25 volwassenes en enkele kinders bygewoon, terwyl die dagskool deur 50 leerlinge besoek word (Sendingrapport 1828).

Tydperk van bestendige vordering, 1829-1836

Teen die einde van die derde dekade van die 19de eeu was die sendingstasie Philippolis reeds goed gevestig en kon die LMS uitsien na 'n tydperk van verdere ontwikkeling en vooruitgang. Die Sendingrapport van 1829 lui dan ook onder meer: 'The Directors feel great satisfaction in learning that Mr. Melvill ... has gained the regard and confidence of Adam Kok, the Griqua Captain, and that of his people ... and has exerted himself diligently in endeavouring to promote both their spiritual and temporal welfare.'

Eerw. Melvill het inderdaad geen steen onaangeroer gelaat om te verseker dat die sendingwerk en -opvoeding gedy nie. Hy berig aan die direkteure dat die Sondagdienste deur 60 tot 90 mense bygewoon word en dat hy op weeksdae ook op die buiteposte kerkdienste waarneem en die kinders onderrig. Wat die skool betref, rapporteer Melvill, gaan sake voor die wind (veral gedurende die somermaande) en tussen 80 en 100 leerlinge woon die klasse by: 'The progress of the children ... has been pleasing. Adam Kok does all he can to encourage the people to attend the means of grace, and to send their children to school' (Sendingrapport 1829).

Die jaar 1830 het vir die sendingstasie egter groot probleme gebring. Eers was daar 'n epidemie van kinderpokkies wat die lewens van 'n groot aantal mense geëis het en daarna het die bevolking te kampe gehad met 'n langdurige droogte. Dit het meegebring dat die bewoners van Philippolis oor 'n wye gebied verspreid geraak het op soek na weiveld, met die gevolg dat die kerk- en skoolbywoning ook

drasties afgeneem het. In dié verband berig die direkteure: 'The scattered state of the people has obliged Mr. Melvill to spend much of his time in itinerant labours, which have been extended beyond the out-posts ... Though many unfavourable circumstances have tried the patience and faith of the missionary ... he has hitherto preserved in the discharge of his important and arduous duties' (Sendingrapport 1830, 1831).

Eerw. George Augustus Kolbe het eerw. Melvill in 1831 as sendeling te Philippolis opgevolg.⁹ Die droogte is intussen gebreek en aangesien die Griekwas nou weer na die sentrale stasie teruggekeer het, kon gereelde sendingwerk en -opvoeding weer hervat word. Die kerkbywoning het dan ook weldra weer gewissel tussen 80 en 200, terwyl die skool daagliks deur tussen 45 en 80 leerlinge besoek is. Daarom kon die direkteure rapporteer: 'The spirit of the people appeared generally improved, and [we] indulge the hope that the Lord may yet more abundantly bless his [die sendeling se] labours among the people' (Sendingrapport 1831).

Die hoop deur die direkteure uitgespreek dat die sendingwerk te Philippolis met steeds groter sukses bekroon sou word, is onder eerw. Kolbe se besielende leiding in 'n groot mate bewaarheid: daar was 100 leerlinge op die skoolregister, die Sondagdienste is deur 160 tot 280 persone bygewoon en dié op weeksdae tussen 50 en 120; bowendien is nagmaal gereeld bedien, kinders is op aangewese tye gedoop en 'n ruimer kerkgebou wat sitplek aan 500 gebied het, is voltooi. Die direkteure het dus alle reg gehad om te rapporteer: 'The religious improvement among the people residing at Philippolis, which appears to have commenced before Mr. Melvill left this place, has continued. It is stated [seker deur Kolbe] that a great revival has taken place, and that many, hitherto unconcerned, have begun anxiously to ask their way to Zion ... the Griquas value religious privileges, and the education of their children' (Sendingrapport 1832).

Gedurende die laaste maande van die jaar 1834 is Philippolis deur dr Andrew Smith, die bekende ontdekker en reisiger, besoek.¹⁰ Op Sondag 31 Augustus 1834 woon hy en 'n aantal lede van sy geselskap die kerkdienst by en hy rapporteer: 'There were [quite] a number of persons in attendance, many of them well dressed and orderly, and attentive throughout the service' (*Diary*: 71). Op 7 September 1834 woon hy weer eens die kerkdienst by en skryf in dié verband: 'Mr. Kolbe preached in the evening, and illustrated in plain but forcible terms the love Christ bore to mankind, and as proof of that his submitting himself without murmur to be offered as a sacrifice for their sins' (*Diary*: 78).

Tot die jaar 1836 het eerw. Kolbe met groot vrug te Philippolis gearbei: al hoe meer stasiebewoners het die kerkdienste op Sondaes en weeksdae bygewoon, die kerkbywoning was ewe bemoedigend en die direkteure kon berig: 'The station is

still prosperous. The revival noticed in our last report has continued, and the effects of the Gospel are encouraging ... the people evince a great desire to hear the word of God ... [they] manifest attention and deep emotion during Divine worship ... the sacramental services are seasons of peculiar solemnity and comfort ... Family worship is established in every house on the station, and most of the people attend to private devotion' (Sendingrapport 1833).

Op sy beurt rapporteer Kolbe in 1834/35 onder meer dat hy 18 volwassenes en 57 kinders van gelowige ouers gedoop en 24 pare in die huwelik bevestig het, 'n kleuterskool in verband met die dagskool opgerig en 400 godsdienstige traktaatjies versprei het, 'n 'Philippolis Auxiliary Missionary Society' met 91 lede gestig en 'n 'Temperance Society' tot stand gebring het. In verband met laasgenoemde vereniging skryf hy: 'The opponents of this Society, when it first commenced, are now become its staunch advocates. Drunkenness, which was lately a pest in this land, has now ceased' (Sendingrapport 1834/35).

Teen die einde van eerw. Kolbe se dienstyd te Philippolis het die LMS berig: 'The work of the Lord has continued to prosper; and those who have professed Christ, walk according to the Gospel. The gradual progress of Christianity in this part of the Southern Africa has been such, that the Missionary observes: "We can now say, we live in a Christian country, and Christianity is established among us" (Sendingrapport 1935).¹¹

Dienstyd van eerww. Theophilus Atkinson¹² en Gottlob Schreiner, 1836-1842

Eerw. Kolbe is nog in die loop van die jaar 1836 deur eerw. Theophilus Atkinson as sendeling te Philippolis opgevolg. Hy en sy gade was afkomstig van die Sendingstasie Bethelsdorp en op 12 Augustus van genoemde jaar het hulle hul nuwe pligte aanvaar. Atkinson het met die sendingwerk en -opvoeding voortgegaan waar Kolbe opgehou het en weldra, net soos sy voorganger, baie bemoedigende resultate behaal.

Eerw. Atkinson het, nadat hy sake op die sendingstasie goed deurgekyk het, gou ingesien dat daar nog heelwat ruimte vir verdere uitbreiding was. In samewerking met sy gade het hy dus begin met

- 'n Sondagskool vir volwassenes, veral vir diegene wat nie kon lees nie;
- Bybelklasse op Woensdae en Donderdae;
- 'n 'Maternal Association'; en

- die bou van 'n nuwe, ruimer skoollokaal vir die dagskool waar Atkinson van plan was om die onderwys in te rig volgens die stelsel wat destyds in Engeland¹³ in swang was (Sendingrapport 1837/38).

Al hierdie ondernemings was suksesvol en, verwysende veral na sy opvoedingswerk, het die sendeling soos volg aan die direkteure berig: 'On the whole this department of my labours has afforded decidedly the greatest encouragement, and for such tokens of his favour I desire to be unfeignedly thankful to God' (Sendingrapport 1837/38).

Die werk van sending en opvoeding het teen hierdie tyd sodanige afmetings aangeneem dat eerw. Atkinson die direkteure in Londen dringend om hulp gevra het. Die gevolg was dat eerw. Gottlob Schreiner¹⁴ en sy gade in Desember 1838 na die stasie gestuur is om eerw. Atkinson en sy vrou in hul menigvuldige aktiwiteite behulpsaam te wees.

Eerw. Schreiner se komst het eerw. Atkinson met nuwe moed en daadkrag besiel en die algemene sendingwerksaamhede is onmiddellik aansienlik uitgebrei. So byvoorbeeld is 'n addisionele kerkdiens op Woensdagaande ingeruum wat bygewoon is deur tussen 70 tot 100 stasiebewoners, terwyl 'n vergroting van die kerkgebou nou 'n dringende noodsaaklikheid geword het. In dié verband skryf eerw. Atkinson: 'About 400 people crowd into the Chapel, and many are obliged to remain outside, so that an enlargement of the building is very necessary. The Lord is, I trust, still giving testimony to the word of his grace ...' (Sendingrapport 1839).

Onder die inspirerende leiding van twee geesdriftige sendelinge het die sendingstasie in die veertigerjare van die vorige eeu met rasse skrede ontwikkel: kerkdienste op Sondae en weeksdae is uitstekend bygewoon, die 'Philippolis Auxiliary Missionary Society' het snel gegroeи en drie skole (met sowat 300 leerlinge op die verskillende registers) was aan die gang. Geen wonder nie dat die sendelinge van Philippolis soos volg aan die direkteure kon berig: 'The place of worship at this station is crowded on the Sabbath and the number of inquirers ... show[s] that the word of God is not preached in vain. The people evince an increasing desire for instruction, and in other respects an improved spirit is perceptible among them' (Sendingrapport 1840).

In Junie 1839 het die Kwakerreisiger James Backhouse 'n besoek aan Philippolis gebring. Neteenstaande baie kritiese aanmerkings, veral ten opsigte van die leefwyse van die stasiebewoners, meld hy tog ook: 'There is often much well-intentioned zeal exhibited, which brings forth good christian counsel and doctrine ...' Verder het hy pertinent daarop gewys dat 'the better training of the children afforded hope of improvement in the rising generation' (Backhouse 1844:432, 433).

Die direkteure van die LMS was teen hierdie tyd (1840) oortuig dat die sendingstasie Philippolis nou só goed gevestig was dat slegs een sendeling die mas aldaar sou opkom en hulle het dus besluit om eerw. Atkinson na Colesberg te verplaas. Intussen het eerw. Schreiner met behulp van sy gade al die menigvuldige werkzaamhede op die terrein van kerk en skool op die sendingstasie behartig en nog tyd gevind om die 'Philippolis Auxiliary Missionary Society' verder uit te bou. Hy meld dan ook in sy jaarlikse verslag: 'Many who heard and received the Gospel in former years, but afterwards gave mournful signs of spiritual declension, are again turning to the Lord, and seeking restoration to his favour. The word of God is increasingly sought and read among the people' (Sendingrapport 1841).

Eerw. Schreiner se verslag van 1842 aan die direkteure van die LMS is egter minder geesdriftig as vorige rapporte en bestaan in hoofsaak uit 'n weergawe van die sterwenswoorde van 'n bekeerde vrou wat haarself aan Christus opdra - waarop Schreiner soos volg kommentaar lewer: 'Surely, to be the means of guiding but one immortal soul to the Saviour will repay any sacrifice we may be called to make, and affords consolation sufficient to support the mind under the heaviest trial' (Sendingrapport 1842).

Die laaste sin in bogenoemde verslag dui daarop dat eerw. Schreiner nie meer gelukkig op Philippolis was nie en dit verbaas dus nie dat hy in 1842 na Basoetoland vertrek het om 'n sendingstasie in daardie land te begin nie.¹⁵

Dienstyd van eerw. Peter Wright en W. Y. Thomson, 1843-1849

Ná die vertrek van eerw. Schreiner het eerw. Peter Wright¹⁶ van die Griekwastadsending tydelik op Philippolis kom uithelp, dog hy is op 14 April 1843 aldaar aan maagkoers oorlede. In 'n huldeblyk skryf die direkteure: 'No servant of Christ ... was ever more abundant in labour, or more highly distinguished by the attending blessing of his Divine Master, than our departed brother.' Op sy beurt het dr Philip soos volg getuig: 'Mr Wright united in himself many qualities of high value as a missionary; but the great secret of his usefulness was the entireness of the consecration of his heart to God. He sought not himself, and he thought nothing of sacrifices when God or a sense of duty required them' (Sendingrapport 1844).

Die relatief kort verblyf van Schreiner en die oorlye van Wright nadat hy skaars 'n jaar op Philippolis gearbei het, het die sendingwerk vanselfsprekend baie nadelig beïnvloed. Drankmisbruik onder die Griekwas het weer kop uitgesteek en daar was 'n algemene gees van laksheid en afvalligheid ten opsigte van geestelike en godsdienstige sake te bespeur. Maar ook eksterne faktore het veroorsaak dat die

vorige bloei en vooruitgang van die stasie nie gehandhaaf kon word nie. In dié verband rapporteer die direkteure: 'The disturbed state of this district and the surrounding country, in consequence of the violent proceedings of the insurgent Boers, has been a serious obstacle to the work of the Mission in the past year' (Sendingrapport 1843).

Dit was dus dringend noodsaaklik dat daar so gou moontlik 'n bekwame persoon na Philippolis gestuur moes word om sake vas te vat en die verlore terrein op godsdienstige en onderwysgebied terug te wen. Gelukkig het die direkteure dit maar te goed besef en gevolglik is eerw. W. Y. Thomson,¹⁷ 'n sendeling met heelwat ervaring en kenner van inheemse tale, in groot haas na die sendingstasie gestuur om te gaan red wat te redde was.

Eerw. Thomson het ná sy aankoms op Philippolis nie getalm nie:

- Die stasiebewoners is sterk aangemoedig om die eredienste weer gereeld by te woon (en die gemiddelde bywoning op Sondae het dan ook weldra tot tussen 700 en 800 gestyg).
- Drie buitestasies is gestig en leke-katekte is opgelei om aldaar onder die mense te arbei.
- Nie alleen is die dagskool, wat 'n tyd lank gesluit was, weer aan die gang gekry nie - met tussen 100 en 300 name op die register - maar daar is ook begin met 'n naaldwerkskool vir dogters en jongvroue, terwyl die kleuterskool ook weer na 'n tydperk van onaktiwiteit heropen is.¹⁸
- Nuwe lewe is in die 'Philippolis Auxiliary Missionary Society' geblaas en 'n aansienlike hoeveelheid vry arbeid en boumateriaal is deur die lede bygedra met die oog op die oprigting van meer substansiële woonhuise en anderstrukture (Sendingrapport 1844).

In sy jaarverslag aan die direkteure van die LMS in Londen maak eerw. Thomson met groot dankbaarheid en erkentlikheid jeens die Allerhoogste melding van hierdie vordering en vooruitgang, en hy voeg daaraan toe: 'The state of religious feeling is very good: great attention is paid to the house of God, and the number of inquiries is increasing' (Sendingrapport 1844).

Gedurende die jare wat gevolg het op die moeilike - maar uiters suksesvolle - aanvangsjaar te Philippolis, het eerw. Thomson met verbasende vasbeslotenheid en deursettingsvermoë daarin geslaag om dit wat reeds bereik is, te konsolideer, te

bestendig en verder uit te brei; agt dagskole was op die buitestasies in werking en 14 nie-blanke katekte het aldaar met groot sukses gearbei. Volgens die sendeling was 'n algemene religieuse gevoel onder die mense waarneembaar en selfs bewoners 'who formerly fled from the preaching of the Gospel and became disturbers of the country ... are now weeping for their sins at the foot of the Cross' (Sendingrapport 1845).

Ook 1846 was 'n geseënde jaar op Philippolis, niteenstaande die toenemende druk wat (volgens eerw. Thomson) van die kant van die immigrante-Boere ondervind is. Die sendeling kon gevolglik aan die direkteure berig: 'The attendance on the means of grace continues to be very large, and the number of inquiries is great ... The new school-house has been finished ... A further instance of the beneficial influence of Missions among the people at large is, that, during the last three years ... no crime has been committed, which ... would merit a capital conviction' (Sendingrapport 1846).

Nog 'n duidelike bewys van die sukses wat gedurende die jaar 1846 te Philippolis behaal is, spreek uit 'n brief wat op 2 Februarie van daardie jaar aan die direkteure in Londen gestuur is deur 'n objektiewe waarnemer wat die stasie kort tevore besoek het: 'I must confess I am agreeably surprised at what I have witnessed. The people ... are decently clothed and reside in cottages ... finished with brick-walls, neatly thatched ... Yesterday was the ordinance ... and I have seldom seen a more attentive congregation. There were four different services held at the same time in the morning ...' (Sendingrapport 1846).

In 1847 het eerw. Thomson 'n uiters belangrike projek van stapel gestuur, naamlik die opleiding van intelligente jong stasiebewoners as onderwysers met die oog op hul uitplasing na die buitestasies om aan die talryke jeugdige leergieriges onderrig te verskaf. Verder was die jaarlike byeenkoms van die 'Philippolis Auxiliary Missionary Society' wat teen die middel van die jaar gehou is 'n groot sukses en die sendeling 'was cheered in witnessing the willingness of the people to contribute for the maintenance and propagation of the Gospel, and the zeal of the chief, Adam Kok, in promoting this important object' (Sendingrapport 1847).

Eerw. Thomson is in 1848 na Grahamstad verplaas ná 'n besonder vrugbare diens-tyd van vyf jaar te Philippolis. In 'n terugblik oor sy werk onder die Griekwas kon hy daarom vanaf sy nuwe standplaas met reg skryf: '... by the end of the 1840s Philippolis was decidedly prosperous, in comparison with its position at the beginning of the decade - it was possible to collect enough money to build a new stone church, capable of holding 600 people', terwyl ook 'n nuwe skool in aanbou was (Ross 1976:73).

Vinnige verwisseling van sendelinge, 1849-1851

Ná die vertrek van eerw. Thomson moes die sendingstasie Philippolis vir bykans 'n jaar sonder die dienste van 'n inwonende sendeling klaarkom. Daarna het die sendelinge eerww. John Wright (tydelik), George Christie¹⁹ en C. J. van der Schalk²⁰ vir kort tydperke te Philippolis gearbei.

Dat die werk op die gebied van kerk en skool deur hierdie omstandighede uiters nadelig beïnvloed sou word, lê voor die hand. J. J. Freeman, 'Home Secretary' van die LMS wat gedurende hierdie jare die stasie amptelik besoek het, was dan ook glad nie beïndruk met dit wat hy op Philippolis waargeneem het nie. Sy reis-beskrywing lui onder meer: die sendingkerk 'is in a very imperfect state, and indicates ... want of earnestness and liberality on the part of the congregation ... The state of education is not very satisfactory. The attendance in the school at Philippolis varies from [only] thirty-five to seventy': hy voel met so 'n groot bevolking moes die getalle eintlik veel hoër gewees het. Freeman is ook van mening dat die mense hulle meer op die landbou moet toelê en minder lang jagtogte moet onderneem, aangesien laasgenoemde lei tot die verwaarloosing van die opvoedings- en kerklike instellings. Hy vervolg: 'The Griquas might have improved more than they have done. They certainly have not fully availed themselves of all their advantages. Philippolis itself is a poor town ... They are not indeed addicted to the use of ardent spirits, but their fondness of tea, coffee and tobacco, amounts almost to a fever, and which, unhappily, never becomes intermittent' (Freeman 1851:228-230).

Dienstyd van eerw. Edward Solomon, 1851-1857

Gedaglig aan die stagnasie en agteruitgang wat gedurende die jare 1849 tot 1851 op Philippolis aan die orde van die dag was, was dit noodsaaklik dat 'n ervare en knap sendeling so gou moontlik weer die drade bymekaar moes vat. Gelukkig was so 'n leraar beskikbaar in die persoon van eerw. Edward Solomon, vroëer van Griekwastad, wat in 1851 na Philippolis gestuur is en weldra weer die stasie op die pad na voorspoed en vooruitgang geplaas het.²¹

Onder eerw. Solomon se besielende leiding was al die sendingstasie se veelvuldige werksaamhede - kerkdienste, dag- en kleuterskool, middagklasse vir die jong-vroue, die Sondagskool, bidure, die matigheidsbond en die plaaslike sendingge-nootskap - weldra weer in volle gang en die sendeling het kort en kragtig aan die direkteure gerapporteer: '... there have not been wanting evidences of progress ... and success' (Sendingrapport 1853).

Egter nie net op godsdienstige en opvoedingsgebied was daar 'n groot herlewing nie, maar beslis ook op ekonomiese gebied. Só welvarend het die Griekwas geword dat Philippolis teen 1855 selfonderhouwend geword het en daar is dus in hierdie jaar by die direkteure van die LMS in Londen aansoek gedoen om selfstandig voort te bestaan.

Die direkteure was hierdie aansoek uiters simpatiek gesind en daar is in 1856 besluit:

- Philippolis word onafhanklik en dit sou nie meer nodig wees om jaarliks 'n rapport van die sendingwerk in te stuur nie.²²
- Die fondse wat op die stasie vir kerk en skool geïn is, moes aangewend word om salarisste te betaal en hulp te verleen aan diegene wat nog in duisternis geleef het.
- '... they [die direkteure] are ... deeply convinced that a state of dependence is most unfavourable to the vigour and usefullness of Christian Churches, and that, beyond the limits of absolute necessity, foreign assistance is a real evil rather than a benefit.'
- Aan die ander kant is die direkteure oortuig dat indien geldelike hulp oorhaastig onttrek word, dit wat oor jare heen moeisaam opgebou is, baie gou weer afgebrek mag word (Sendingrapport 1856, algemene verslag).

Die onafhanklikwording van Philippolis (en ander sendingstasies in die Kaapkolonie, byvoorbeeld Fort Beaufort, Grahamstad, Port Elizabeth en Kaapstad) het die direkteure van die LMS laat besluit om 'n algemene reeks basiese beginselbesluite en regulasies in dié verband op te stel (Sendingrapport 1856, algemene verslag). Hulle lui kortliks soos volg:

- I 'The Directors sincerely congratulate those Churches which, animated by a sense of duty to the Redeemer, have already attained the honourable position of independence, and doubt not that it will be found no less salutary in its influence on themselves than conductive to the general diffusion of the Gospel.'
- II 'That, with the self-sustained Churches, and with their Pastors, the Directors desire to maintain an unbroken and undisturbed union, cherishing toward them parental affection, and hoping to receive the expressions of their filial regard.'

- III Die direkteure sal, waar sendingstasies selfstandig word, deur die tussen-koms van gesikte persone en trustees die kerk- en skoolgeboue en die sendinghuise (wat tot dusver nog die eiendom van die LMS was) oordra aan die onafhanklike sendings vir hul uitsluitlike gebruik en okkupasie.
- IV Waar selfonderhoudende sendings soms vir 'n tydperk weer die hulp van die direkteure mag benodig, sal sodanige aansoekers baie simpatiek oorweeg word.
- V Net soos in die verlede, sal getroue sendelinge wat te oud of sieklik geword het om te werk (of by hul afsterwe, hul weduwees en kinders) om geldelike hulp by die direkteure mag aansoek doen.

Die laaste jare, 1857-1861

In 1857 het eerw. Solomon die sendingstasie Philippolis verlaat en hy is opgevolg deur eerw. Wilberforce Buxton Philip²³ wat die talryke sending- en opvoedings-werksaamhede op die stasie voortgesit het.

Die skrif was teen hierdie tyd egter reeds aan die muur: op 23 Februarie 1854 kom die Vrystaatse Republiek tot stand en die Griekwas het van toe af teen versnelde tempo hul grond aan die Boere verkoop (hoewel Adam Kok dit probeer verhoed het). Uiteindelik het die druk te oorweldigend geword en die Griekwas - sowat 3 000 siële - het in 1861 met 20 000 stuks groot- en kleinvee en bykans 300 waens, karre en ander rytue na Niemandsland (Griekwaland-Oos), wat deur sir George Grey (die Kaapse Goewerneur) aan hulle aangebied is, verhuis. Vir die oorblywende gronde te Philippolis het die Vrystaatse Republiek die som van 4 000 pond sterling aan Adam Kok betaal (Theal 1908:95).

'n Mooi beskrywing word deur die *Cape Monthly Magazine* van Desember 1872 gegee van die algemene toestand wat op Philippolis op die vooravond van die groot verhuis geheers het: 'The people were in 'n prosperous state, they had titles to their farms on which they had built substantial cottages and out-buildings, orchards stocked with good fruit trees, garden grounds and lands for cultivation were, in many cases, enclosed with stone walls; good stone kraals, and one or two dams were to be found on most farms. Troops of from 20 to 100 horses, about the same number of cattle, and hundreds of well bred woolled sheep were running on these farms, and many a man (Griqua) brought his 10, 20, 25 bales of wool for sale, while the shop-keepers [in Bloemfontein] found them as good customers for clothing, groceries, guns, saddlery, carts and furniture as any of the Boers' (Dower 1902:11).

BETEKENIS VAN DIE SENDINGSTASIE PHILIPPOLIS

Inleidende opmerkings

Die belangrikste primêre bron wat die navorser ter hand kan neem om te probeer bepaal wat die waarde en betekenis was van die sendingwerk wat gedurende die 19de eeu te Philippolis en omgewing onder die Griekwas verrig is, is die sendingrapporte wat die direkteure van die LMS in Londen elke jaar vir baie opeenvolgende dekades gepubliseer het. Hierdie verslae het nie alleen hul eie kommentaar bevat aangaande die toestand van en vordering op die sendingstasies van die genootskap dwarsdeur die wêreld nie, maar ook die jaarlikse rapporte van die inwonende sendelinge op die verskillende stasies aangaande hul arbeid, hul vooruitsigte, hul vordering en terugslae, hul lief en leed.

Hoewel 'n goudmyn van inligting wat eintlik nêrens anders bekom kan word nie, moet die sendingrapporte met versigtigheid benader word: daar bestaan geen twyfel nie dat die rapporte in baie gevalle oordrewe entoesiasties was, dat die teleurstellings meestal verswyg is en dat daar gepoog is om alles maar voortdurend in die beste voue te lê. Die rede vir hierdie stand van sake is nie ver te soek nie: die sendelinge op die verskillende stasies wou altyd die beste voetjie voorsit, terwyl die direkteure van die LMS in Londen nie alleen ver verwijder van die sendingveld was nie, maar self gretig was om sake maar altyd so positief as moontlik aan die lede van die Genootskap voor te hou - gedagtgig daaraan dat hierdie mense in die laaste instansie tog die fondse moes voorsien waarmee die oorsese sendings aan die gang gehou is.

Dit alles in ag genome, bly die sendingrapporte, waar moontlik gebruik aan die hand van 'n korrektief uit ander betroubare bronne, tog nog altyd 'n uiterwaardevolle, interessante en unieke bron van primêre inligting waarsonder seker geen navorser oor die LMS se sendingontwikkeling in Suid-Afrika (of elders) enigsins kan hoop om die mas op te kom nie.

Globaal gesien, toon die sendingrapporte (en ander bykomende primêre bronne) dat die sendingwerk wat oor 'n tydperk van bykans 45 jaar te Philippolis onder die Griekwas van die Koks gedoen is, diepgaande invloed op 'n verskeidenheid van terreine uitgeoefen het. En wat hier volg, is dan 'n poging om enkele van dié betekenisaspekte aan die lig te bring.

Betekenis op die gebied van kerk en skool (ofte wel die godsdiestige en opvoedkundige invloed van die sendingwerk)

Die hoofdoel wat die sendelinge te Philippolis met hul sendingwerk voor oë gehad het, was om die stasiebewoners vertrouyd te maak met die Woord van God, om die duisende wat die kerk deur die jare heen bygewoon het onder die geklank van die Ewige Evangelie te bring en hulle te kersten, te doop en as lidmate van die gemeente op te neem.

Hand aan hand met die proses van kerstening, het die opvoedings- en onderwysproses gegaan: die sendelinge het besef dat die gebeure eintlik die omgekeerde weg moes volg, dit wil sê eers moes die kinders (en volwassenes) die basiese beginsels van die intellektuele vorming, dus van kennis en insig, verwerf *voordat* daar begin kon word om die onsterflike siele vir die Koninkryk van die Hemele te wen. Dus, die intellektuele vorming moes óf die religieuze vorming voorafgaan, óf gelykydig daarmee plaasvind. Buitendien het die elementêre opleiding wat op Philippolis verskaf is daartoe bygedra dat 'n baie groot aantal mense tot en met hul volwassenheid voller, deugsamer en meer produktiewe lewens kon lei.

Ook die volgende kan in dié verband beklemtoon word:

- (a) Op die gebied van die gewone en kategetiese onderwys is duisende kinders in aanraking gebring met die Groot Waarhede, hulle het geleer lees, skryf en reken, die vroue en dogters het geleer om nuttige handwerk te doen, baie jongmanne is opgelei as evangeliste en ander sendingwerkers - kortom, die pad is vir hulle oopgemaak en veel meer geleenthede en vooruitsigte het vir hulle gewink as wat die geval sou gewees het as daar geen sprake van sendingwerk was nie.
- (b) Deur middel van die werk op die gebied van kerk en skool is (met 'n groot mate van sukses) gepoog om die Griekwas van allerlei barbaarse en heidense praktekte laat afsien en hulle die sedelike beginsels van kuisheid, eerlikheid, diensvaardigheid en soberheid by te bring. (Veral ten opsigte van die bekamping van drankmisbruik het die sendelinge met behulp van die 'Temperance Society' 'n jarelange verbete stryd teen hierdie euwel gevoer.)
- (c) Die betekenis van die sendingwerk wat te Philippolis verrig is - en dit menigmaal in die aangesig van blykbaar onoorkomelike moeilikhede en probleme - kan haas nie oorskot word nie. Nie alleen moet die *onmiddellike* resultate wat destyds op die gebied van kerk en skool behaal is in berekening gebring word nie, maar daar moet ook op die *verwyderde* en *uiteindelike* resultate gelet word.

(d) Wat die *uiteindelike* resultate van die sendingwerk betref, sal ons as mense nooit die volle betekenis van die arbeid kan bepaal nie. Daar kan slegs opgemerk word dat die LMS-sendelinge wat Philippolis bedien het die goddelike opdrag - 'Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ...' (Matt. 28:19) - na die beste van hul vermoë volvoer het: die werk is vir en op bevel van God gedoen en alleen Hy kan bepaal hoeveel siele vir die Hemelse Koninkryk gewen is.

(e) Die *verwyderde* betekenis van die sendingwerk wat gedurende die vorige eeu te Philippolis onderneem is, kan soos volg opgesom word: die kerke, dag-, kleuter- en Sondagskole wat opgerig is en waar met noeste vlyt gearbei is, het die fondament van die Christendom by die Griekwas gelê; die sendingskole en die sendingwerk in die algemeen het daarby die fondament nie alleen van die beskawing by die Griekwas gelê nie - hiervoor meer onder die volgende afdeling - maar ook van kennis en die intellekturele ontwikkeling; die vroeë sendelinge (soos dié wat op Philippolis werksaam was) het diegene wat ná hul gekom het oneindig veel geleer aangaande die aard, vermoëns, aanpasbaarheid, swakhede en ander eienskappe van diegene onder wie hulle gwerk het; ook het die ouer geslag sendelinge die jonger sendingwerkers geweldig veel geleer in verband met lewensbelangrike sake op die sendingveld soos sendingdoelstellings, voertaal, tug en dissipline, interne en eksterne beheer en al die ander sake wat so broodnodig is om van sendingwerk 'n sukses te maak; die vroeë sendingwerk het die bewys gelewer dat daar nie sonder die hulp van stasiebewoners as helpers klaargekom kon word nie en dat sodanige persone in werklikheid met die nodige opleiding goed toegerus kon word om onder hul eie mense te werk, aangesien hulle die taal, gewoontes en tradisies van die stasiebewoners geken en begryp het; en uit hierdie lokale stelsel van die opleiding van sendinghelpers het die stelsel van LMS-opleidingskole ontstaan.

(f) Wat betref die *onmiddellike* resultate wat met die werk op die gebied van kerk en skool te Philippolis bereik is, is daar veelvuldige bewyse. Enkele voorbeeld sal voldoende wees:

- John Mackenzie, bekende skrywer van *Ten Years North of the Orange River*, sê dat die Bergenaars, dit wil sê Hottentot-Griekwa-roofbendes, omstreeks die tweede/derde dekade van die vorige eeu nie meer tevrede was met die stil lewe op die Christelike neersettings soos Griekwastad, Campbell en Philippolis nie en toe vrybuiters geword het wat enigeen wat in hul pad gekom het, meedoënloos uitgewis het. Hy vervolg: 'And it is only fair to assert that but for the example and teaching of [their] missionaries all the Griquas would, without doubt, have followed the disorderly and dishonest manner of life of the

Bergenaars. Instead of this, the Christian Griquas were able, by vigorous action, to preserve peace and order on the northern border of the Cape Colony ...' (Mackenzie 1871:57).

- Nadat daar maar sowat ses jaar in die Transgariep onder die Griekwas sendingwerk gedoen is, was daar 'n groot geestelike oplewing waarneembaar en die direkteure kon met groot vreugde aankondig: 'The religious improvement among the people residing at Philippolis ... has continued [and] a great revival has taken place; ... many, hitherto unconcerned, have begun anxiously to ask their way to Zion ... the Griquas value religious privileges, and the education of their children' (Sendingrapport 1832). En slegs 'n jaar later lui dit weer: 'The revival noticed in our last report has continued, and the effects of the Gospel are encouraging ...' (Sendingrapport 1833).
- Op 13 Oktober 1834 rig Adam Kok en sy Raad vanaf Philippolis 'n skrywe aan die Kaapse Goewerneur, sir Benjamin D'Urban, om te kla oor die inspeeling van die Trekkers. In die ellelange brief kom hierdie interessante woorde egter voor: '... your memorialists were in 1802 a horde of outcasts from the Colony without knowledge of God or divine things, without morals or industry, when God put it into the hearts of the Missionaries ... to become their teachers ... and by the blessing of God upon their labours we began to see the importance of divine things ...'; daarom is hul later na Philippolis om steeds onder die geklank van die Woord van God te verkeer (Government House 19/4).
- Aan die einde van eerw. George Kolbe se vrugbare dienstyd te Philippolis (1831-1836) het die LMS in sy jaarlikse rapport duidelik gewys op die besondere invloed wat die sendingwerk aldaar reeds uitgeoefen het: 'The gradual progress of Christianity in this part of the Southern Africa has been such, that the Missionary observes: "We can now say, we live in a Christian country, and Christianity is established among us"' (Sendingrapport 1835).
- In 1839 bring James Backhouse, die bekende reisiger, 'n besoek aan Philippolis en meld onder meer: 'There is often much well-intentioned zeal exhibited, which brings forth good christian council and doctrine ...' (Backhouse 1844: 432).
- Die kragtige werking van die Heilsboodskap was intussen stadig maar seker besig om die hele gemeenskap te Philippolis te deursuur, soos blyk uit die 1840-verslag van die direkteure: '... the word of God is not preached in vain. The people evince an increasing desire for instruction, and in other respects an improved spirit is perceptible among them' (Sendingrapport 1840).

- Enkele jare later (op 12 November 1843) rig Adam Kok en sy mense weer 'n politieke skrywe aan die Kaapse Goewerneur, hierdie keer sir George Napier, waarin daar onder meer opgemerk word: 'Wij erkennen ... dat de onderwijzing in Godsdienst en Zedelijkhed van de Zendelingen ontvangen zijn de eenigste middelen waardoor de beschaving en welvaart van een Volk kan gevordert worden ...' (Government House 28/28).
- Ook eerw. W. Y. Thomson (1844-1848) - net soos eerw. Kolbe - het melding gemaak van die algemene religieuse gevoel wat onder die Griekwas waarnembaar was en selfs bewoners 'who formerly fled from the preaching of the Gospel ... are now weeping for their sins at the foot of the Cross' (Sendingrapport 1845).
- Die sendingverslag van 1846 meld in verband met Philippolis: 'The attendance on the means of grace continues to be very large, and the number of inquiries is great in proportion ... [T]he work of God has made pleasing progress.' Die verslag wys ook op 'n voorbeeld van 'the power of the Gospel in alleviating the cruelty often practised in war among half-civilized men': in een van die konflikte wat kort tevore tussen 'n groep Griekwas en Boere plaasgevind het, het 'n blanke seuntjie naamlik in die hande van die Griekwas gevallen, maar hy is ongedeerd na sy mense teruggestuur. 'A further instance of the beneficial influence of the Missions among the people at large is, that, during the last three years ... no crime has been committed, which, according to the Colonial Law, would merit a capital conviction.'
- Selfs tydens teregstellings was die invloed van die sendelinge maar te opmerklik. So byvoorbeeld berig *The Friend of the Sovereignty* op 11 November 1852 dat 'n Griekwa, ene Cornelis Kok, op 26 Oktober van daardie jaar te Philippolis weens moord die hoogste tol moes betaal. Volgens die berig het die inwonende sendeling die veroordeelde vooraf gereeld besoek en laasgenoemde het, voordat hy die galg kalm bestyg het, sy skuld bely en andere gewaarsku teen die misbruik van sterk drank. Ná 'n gebed deur die sendeling, het hy sy lot beheersd tegemoet gegaan, terwyl 'n gewyde lied deur die skare gesing is.

'n Mens sou kon voortgaan om verdere voorbeelde op te noem om te wys op die groot betekenis wat die sendingwerk wat te Philippolis onderneem is op die gebied van kerk en skool gehad het, maar volstaan hiermee. Dit is wel so dat teen die tyd dat die Griekwas verhuis het, die hele samelewing, van die Kaptein tot by die kerklidmate en skoolleerlinge, 'n Christelike gees geadem het.

Betekenis op sosio-ekonomiese gebied (ofte wel die opheffing van die Griekwas tot 'n hoër vlak van beskawing)

Die sendelinge te Philippolis het deur die jare heen alles in hul vermoë gedoen om die Griekwas onder wie hulle gearbei het, op sosio-ekonomiese gebied op te hef en tot 'n hoër vlak van beskawing te voer. Daar is voortdurend deur die sendelinge aan die stasiebewoners waardevolle inligting verskaf in verband met landbou, veeteelt, tuinbou, akkerbou, wolproduksie en die bou van huise, kerke, skole, krale en ander strukture - en wel deur middel van die gesproke woord, voorligting, demonstrasie en die goeie voorbeeld. Hierdie bemoeiinge van die sendelinge is egter nie deur hulle as 'n doel op sigself beskou nie, maar as 'n middel tot 'n doel: dit is onderneem omdat daar besef is dat mense wat nog op die rand van onbeskwaafheid, primitiwiteit en semi-barbarisme geleef het, en te kampe gehad het met kwellende armoede, hulle nie maklik tot sendingarbeid sou leen en buitendien ook nie in staat sou wees om die hoëre dinge wat aan hulle voorgehou is, behoorlik te verteer en te begryp nie.

In dié verband dien ook nog op die volgende gelet te word:

- (a) Eerw. W. Anderson van die LMS, een van die eerste sendelinge wat onder die Griekwas - waarby die groep hulle ook bevind het wat later te Philippolis sou gaan woon - gearbei het, het omstreeks 1800 verklaar: 'When I went among the Griquas, and for some time after, they were without the smallest marks of civilization ... they had not one thread of European clothing among them, and their wretched appearance and habits were such as might have excited in our minds an aversion for them, had we not been actuated by principles which led us to pity them and served to strengthen us in pursuing the object of our missionary work.' Die sending voeg egter veelbetekenend daaraan toe: '... after a series of hardships which required much faith and patience, our instructions were attended with a blessing which produced a great change' (Stow 1905:317, 318, eie kursivering).
- (b) Reeds in 1830 het Philippolis se inwonende sending aan sy hoofde in London berig dat onder sy leiding die stasiebewoners baie aandag bestee aan die bewerking van die grond en dat meer as 30 tuine besproei word deur 28 fonteine wat oopgegrawe is. En slegs 'n jaar later maak die sending melding van die feit dat hierdie aktiwiteite aansienlik uitgebrei is en dat die tuinerye nou 280 akkers beslaan, deur 50 fonteine besproei; benewens 'n verskeidenheid van groente, is ook wingerde en perske- en vyebome aangeplant. Twee jaar later blyk dit dat die Griekwas besig was om onder die wyse leiding en raadgewinge van die sending al hoe welvarender te word: 220 akker was onder koring en die mense het 5 100

beeste, 39 000 skape en bokke, 520 perde, 20 ploeë en 160 waens besit (Sendingrapport 1830, 1831, 1833).

(c) In 1846 berig die direkteure dat hulle daardie jaar 'n brief ontvang het van 'n Christelike vriend wat Philippolis kort tevore besoek het, en dat dié persoon onder meer soos volg skryf: 'I expected to see the people dressed in skins, living in mud huts, etc.; on the contrary, they are decently clothed and reside in cottages, of which I have counted thirty well built, their foundations being stone-work, finished with brick-walls, neatly thatched, and some with glass windows ... furnished with tables, chairs and proper utensils ...' (Sendingrapport 1846).

(d) Eerw. James Read (snr) wat die sendingstasie Philippolis ná 'n eerste besoek sewe jaar vantevore weer in 1849 aangedoen het, maak ook melding van die algemene beskawende en opheffende invloed van die sendelinge. Volgens Read is daar gedurende sy afwesigheid snel vordering gemaak op allerlei gebiede: nie alleen is 'n nuwe kerk en skool opgerig nie, maar ook die lewensomstandighede van die bevolking het grootliks verbeter. 'Scarce a man but has a wagon, a team of oxen, and upwards of twenty horses ... They had sown much wheat this year ...' (Ross 1976:73).

(e) Op 6 Junie 1851 getuig eerw. J. J. Freeman, die bekende reisiger en sekretaris van die LMS in Londen, voor die 'Select Committee on the Kafir Tribes' (wat op las van die Britse Laerhuis aangestel is) soos volg aangaande die beskawingspeil van die Griekwas van Philippolis: 'They are not quite so far advanced as those living within the colony ... But some of them ... are far advanced; they are men who have got good houses, and dress in European clothing very comfortably; a few of them unite to pay for a schoolmaster at their own farms for the education of their children; they possess immense flocks of cattle, and their houses are furnished in capital style' (*Imperial Blue Book* 1851:40).

(f) Eerw. Edward Solomon, wat vanaf 1852 tot 1856 te Philippolis onder die Griekwas gewerk het, het by een geleentheid gesê: '... the people here are the wealthiest natives with whom our Society has to do in South Africa ...' By 'n ander geleentheid het hy hom só oor Philippolis en die invloed van die sendelinge uitgelaat: 'This year more grain has ... been sown than in any previous year since the establishment of the Griqua mission ... Another symptom of progress is the greater attention they have paid to the improvement of their flocks ... This year they have sent to market about 20 000 lb. of wool ...' En by 'n derde geleentheid (einde 1856) verwys eerw. Solomon weer na die groot inkomste, naamlik 2 000 pond sterling, wat uit die verkoop van 200 bale wol verkry is, en hy voeg daarvan toe: 'This is one of the best proofs of progress in temporal matters and affords one of the best guarantees for the formation of habits conducive of peace and pros-

perity ...'; hy is seker die materiële welvaart 'will be accompanied with those spiritual results which are the grand objects at which we aim' (Ross 1976:76).

(g) In sy bekende werk *Ten Years North of the Orange River* skryf John Mackenzie dat toe hy Philippolis in 1859 besoek het, 'I was surprised at the intelligence and apparent respectability of many of the people. Even from a local or caste stand-point, their only fault was their features [!]. Some showed considerable enterprise in farming and in rearing sheep. It was here I first saw a flour-mill driven by water in possession of a native' (Mackenzie 1871:59).

(h) Teen die einde van die vyftigerjare van die vorige eeu (1859) het die proses van kultivering en beskawing onder invloed van die sendelinge reeds so ver op Philippolis gevorder dat dit selfs moontlik was om met 'n koerantjie te begin. Die redakteur, eerw. W. B. Philip, skryf in dié verband: 'We have been compelled to commence with type nearly worn down, and a small home-made printing press; our first productions must therefore be very imperfect.' Die doel van die blaadjie - skryf Philip aan sir George Grey, die Kaapse Goewerneur - 'was the increase of morality, religion and knowledge among the natives' (Ross 1976:79). Ongelukkig het daar geen eksemplaar van die koerantjie bewaar gebly nie.

(i) Drie mededelings aangaande die Griekwas omstreeks die tyd toe hulle Philippolis verlaat het (1861) verskaf verdere getuienis van die heilsame sekulêre invloed van die LMS-sendelinge oor 'n tydperk van bykans 45 jaar:

- Die eerste kom voor in Marais se standaardwerk *The Cape Coloured People, 1652-1937* waar hy skryf: 'By 1861, when they left their Philippolis home ... Adam Kok's people had reached a higher degree of comfort and civilization than the Griquas west of the Vaal ever attained' (Marais 1957:57).
- Die tweede mededeling kom voor in 'n verslag wat in 1861 deur die Kaapse Goewerneur, sir George Grey, opgestel is en wat handel oor sy besoek aan Philippolis drie jaar vantevore. Grey beskryf die Griekwas as 'wealthy' en voeg daaraan toe dat hulle die boerdery 'on European principles' beoefen; daarby moet dit, volgens Grey, beklemtoon word 'that they lived in regular villages with well built houses exactly like a European community' (Marais 1957:58).
- Die derde mededeling kom voor in 'n artikel van eerw. W. B. Philip, die sendeling wat tot en met die verhuis van die Griekwas te Philippolis gearbei het, wat in die Desember 1872-uitgawe van 'n Kaapse maandblad gepubliseer is, maar wat duidelik verwys na sy laaste diensjare in die Transgariep. Hy skryf onder meer: 'The people were in a prosperous state. They had their titles to their farms, on which they had built substantial cottages and

outbuildings; orchards, stocked with good fruit trees, garden grounds and lands for cultivation, were in many cases enclosed with stone walls; good stone kraals and one or two dams were to be found on most farms; troops of from 20 to 100 horses, about the same number of cattle, and hundreds of well bred woolled sheep, were running on these farms, and many a man brought his ten, fifteen, twenty and twenty five bales of wool at once for sale ...' (*Cape Monthly Magazine*, December 1872).

Ten slotte: daar kan geen twyfel bestaan nie dat die sendelinge wat te Philippolis gearbei het, 'n besonder heilsame en ingrypende invloed op sosio-ekonomiese terrein uitgeoefen het: nie alleen is die Griekwas tot 'n hoër vlak van beskawing opgelei nie, maar groot vordering op ekonomiese gebied het daarmee gepaard gegaan, te wete vooruitgang op die gebied van die landbou, die tuinbou en die vee-teelt. Selfs sake soos 'n huwelikswet, 'n drankwet en die ondergeskikstelling van die indiwidue aan die 'rule of law' moet beslis na die invloed van die sendelinge teruggevoer word.

Betekenis op politieke gebied

Nieteenstaande die feit dat die direkteure van die LMS inmenging deur sy sendelinge in politieke aangeleenthede belet het, kan daar nie die minste twyfel bestaan nie dat die sendelinge wat deur die jare heen te Philippolis gearbei het, hulle een en almal wel met politieke sake bemoei het. Baie van hierdie sendelinge was naamlik van oordeel dat die bevolking onder wie hulle werksaam was polities nog totaal onvolwasse was en dat dit dus hul plig as geestelike leiers was om ook die voortou te neem - al was dit dan op baie bedekte wyse - in konstitusionele sake.

In dié verband kan die volgende aangestip word:

(a) Eerw. John Philip het gou (ná sy aanstelling as Superintendent van die LMS in Suid-Afrika in 1819) met die Kaapse owerhede in botsing gekom, huisoor die stelreël dat sendelinge hulle nie met politieke sake moes bemoei nie. Philip het toegegee dat so 'n standpunt in beginsel kergesond is, maar 'it is from the Christian standpoint inevitable that if the Government of a country allies itself with cruelty, social wrongs, and oppression, the Christian missionary, working within the sphere of such Government, *must* find himself in active opposition to such things. Against slavery ... against such treatment as the colonists of South Africa ... meted out to Hottentots and Kafirs ... all missionaries must ever strive and labour and pray' (Lovett 1899:544).

- (b) Die sendelinge wat te Philippolis ingewoon het, het - sonder uitsondering ten nadele van die immigrante-Boere wat besig was om die Transgariep binne te trek - vir Adam Kok en sy Griekwas as pleitbesorgers en kampvegters by die koloniale regering, en by name die Kaapse goewerneurs, opgetree. Hierdie jarelange briefwisseling, hoofsaklik oor grond- en kruitregte, is of deur die sendelinge onder hul eie name gevoer (vgl. bv. eerw. G. Kolbe se skrywe aan die Kaapse regering, dd 14/7/1834, GH 19/4, CO 1011), of deur Adam Kok of Hendrik Hendriks self, maar duidelik onder aansporing en voorsegging van die sendelinge. So byvoorbeeld ook skryf eerw. John Melvill (wat van 1827 tot 1830 te Philippolis gearbei het) in Oktober van laasgenoemde jaar aan dr. John Philip dat 'he [Melvill] will see that the chief writes nothing but what will bear examination' (Macmillan 1928: 44). Die sendelinge wat onder die Griekwas gewerk het kan dan ook inderdaad as die vertroulike agente en skribas van die Kaptein beskou word.
- (c) Aan die ander kant het die Kaapse regering self intense politieke belangstelling in die Philippolis-gebied getoon, en wel omdat dit so strategies geleë was op een van die hoofroetes na Sentraal-Afrika. Soos Macmillan dit stel: '... the Kok family round Philippolis were so unfortunate as to lie at the point of convergence of four of the main *drifts* or fords across the Orange River, right across the main or High Veld line of advance, first of the old colonial Boers, and ultimately of the Great Trek itself' (Macmillan 1928:39). Mense soos dr John Philip, wat mettertyd 'n oop oor by die Kaapse en Britse regerings gehad het, het van die Philippolis- en ander sendelinge verwag dat hulle hom (en dus ook die genoemde twee regerings) skriftelik op hoogte sou hou van alle politieke en ander gebeure in die belangrike gebiede waar dinge destyds besig was om te gebeur.
- (d) Op 12 Februarie 1836 lewer kaptein Andries Stockenström, wat toe pas as luitenant-goewerneur van die Oostelike Provincie aangewys is, getuenis voor die 'Select Committee on Aborigines (British Settlements)' wat deur die Britse Laerhuis saamgestel is. Verwysende na die invloed van die LMS-sendelinge op die Griekwas en ander, sê hy: 'I do not think they have done so much in the way of Christianizing as I think they have been useful in a political point of view ... Their influence is really wonderful, but it is more of a political than a religious nature ...' Die invloed van die sendelinge is volgens Stockenström polities van aard omdat die inboorlinge die sendelinge beskou as 'n medium van kommunikasie tussen hulself en die regering - daarom het hy geen beswaar dat die sendelinge buite die kolonie, tesame met hulle godsdiestige aktiwiteite, hulle ook op politieke gebied diensbaar maak nie (*Imperial Blue Book* 1836:184).
- (e) Die Philippolis-sendelinge het hul besonderlik beywer om goeie verhoudinge tussen die stasiebewoners en die koloniale regering te bewerkstelling - nie alleen omdat hulle self bykans almal van Britse afkoms was nie, maar ook omdat hulle

gemeen het dat sodanige goeie betrekkinge tot groot voordeel van die Griekwas sou strek. In dié verband rapporteer dr Philip in 1830: 'The Griquas are to a man attached to the English Government, and are willing to make sacrifices to remain in connexion with it.' En dan gaan hy dadelik daartoe oor om die goeie invloed van dié instellings aan te prys wat genoemde vriendskaplike verhouding teweeggebring het: '... such has been the beneficial influence of missionary institutions among them that the Griquas might be more formidable than the Caffres, but it has not been necessary to have *one* soldier on the more extended frontier of the Griquas, to defend that part of the Colony' (Macmillan 1928:47).

(f) Die politieke rol van onder meer die Philippolis-sendelinge kon nie vir altyd verborge bly nie en daar is deur die immigrante-Boere in die Transgariep na die LMS-sendelinge gewys as die aanstigers van al die moeilikhede tussen hulle, die Griekwas en die Kaapse regering. Philip was egter baie gou om as teenvoeter die Boere daarvan te beskuldig dat hulle 'n ingebore haat het in alles wat maar enigsins Engels van aard is, dat hulle lank reeds slawerny beoefen en '[that] the missionary movement which has been blamed for promoting hostility did no more than call attention to facts as they were' (Macmillan 1928:193, 194).

(g) Op 25 Augustus 1843 skryf Adam Kok aan die koloniale regering: 'The insults and injuries inflicted on the Griquas by the Colonial Boers have convinced me that should I attempt to execute the laws of my country respecting the lands of Philippolis ... nothing but the interference of the Colonial Government can prevent a war ...' In voetnota 1, p. 24 van sy standaardwerk *Bantu, Boer and Briton* lewer Macmillan die volgende sprekende kommentaar in dié verband: 'No doubt much of this Griqua correspondence was inspired and guided by missionaries' (Macmillan 1928:214).

(h) Die sendelinge wat te Philippolis werksaam was, het ook *hul* klein bydrae tot die verdragstaatpolitiek van die Kaapse regering gelewer. In September 1843, dus twee maande vóór die bevestiging van die Maitlandverdrag met Adam Kok, skryf eerw. W. Y. Thomson byvoorbeeld van Philippolis af aan die regering: '... we are ... left to the tender mercies of the Boers. The consequence is that the very worst characters are leaving Natal and are trying to get a footing here and frightening the people ...' (Macmillan 1928:217).

(i) Aansluitend hierby: volgens Macmillan het die konsep in die verdragstaatpolitiek vervat, naamlik dat aansienlike gedeeltes van die inboorlinggebiede as *onvervreembaar* beskou sou word, sy oorsprong by die LMS-sendelinge gehad (Macmillan 1928:223).

(j) Soos reeds in die teks van hierdie geskrif aangedui, is ná die dood van Adam Kok II sy oudste seun, Abraham, as hoof van Philippolis gekies. Volgens Oberholster het hy egter by dr Philip in onguns geraak omdat hy toegelaat het dat van sy volgelinge die Boere teen Silkaats steun, en daarom is met die hulp van die inwonende sendeling te Philippolis sy broer Adam as kaptein benoem (Oberholster 1945:30).

(k) Die volgende sitaat bewys nogmaals hoe diep die sendelinge van Philippolis by politieke sake betrokke was: 'Such influence as John Philip possessed over colonial policy towards the north [d.w.s. die stamme noord van die Oranje, insluitende die Philippolis-Griekwas] depended primarily upon the superior net of information provided by his missionaries' (Ross 1976:46).

Ten slotte: die politieke rol wat die sendelinge gespeel het wat te Philippolis werkzaam was, word deur Ross soos volg geskets: 'They were concerned with more than religious conversion ... The missionaries were not merely agents of western Christian culture. They were also representatives of the power of the Cape Colony. The colonial officials recognised and encouraged this' (Ross 1976:45).

SLOTBESKOUING

Die studie van die sendingstasie Philippolis was in dié oopsig interessant en verykend dat dit die navorsing nie alleen in aanraking gebring het met 'n brokdeel van die belangwekkende voorgeschiedenis van 'n aantal van die vroegste bewoners van die Transgariep nie, maar ook met die belangrike werk wat die sendelinge van die LMS gedurende die vorige eeu - toe ons hedendaagse samelewing besig was om sy beslag te kry - te Philippolis (en Suid-Afrika as 'n geheel) gedoen het en die groot rol wat hulle op allerlei gebiede gespeel het. Dit is met 'n gevoel van deernis en verwondering dat die geskifte nagelees word waaruit blyk met watter sterk geloof en onder welke moeilike omstandighede die sendelinge - mense van vlees en bloed, met al hul swakhede - die veeleisende taak van lering, onderwysing, voorligting en ander aktiwiteite aangepak en deurgevoer het.

BYLAE

Die onderstaande tabel gee 'n beeld van die ontwikkeling van die sendingstasie Philippolis deur die jare heen.

Die sendingstasie Philippolis, 1823-1861*

Jaar	Sendeling	Kerkbywoning	Skoolbywoning	Stasiebewoners (Griekwas en andere)
1823	Jan Goeijman			
1824	Jan Goeijman			
1825	Eerw. J. Clark			
1826	Eerw. J. Clark			
1827	Eerw. J. Clark			
1827	Eerw. J. Melvill			
1828	Eerw. J. Clark	25	50	1 150
1828	Eerw. J. Melvill			
1829	Eerw. J. Melvill	60-90	80-100	2 850
1830	Eerw. J. Melvill	30	15-30	
1831	Eerw. G. Kolbe	80-200	45-80	1 860
1832	Eerw. G. Kolbe	160-280	100	1 604
1833	Eerw. G. Kolbe	250-500	70-130	1 620
1834	Eerw. G. Kolbe		35	
1835	Eerw. G. Kolbe	250-500	50	1 615
1836	Eerw. G. Kolbe	200-400	Dag 42; kleuter 45	
1837	Eerw. T. Atkinson	250-300	30	
1838	Eerw. T. Atkinson	60-200	140	
1839	Eerw. T. Atkinson	70-100	Dag 100-150; kleuter 80-90	
1839	Eerw. G. Schreiner			
1840	Eerw. G. Schreiner			
1841	Eerw. G. Schreiner			
1842	Eerw. G. Schreiner			
1843	Eerw. P. Wright		Dag 80; kleuter 60	
1844	Eerw. W. Y. Thomson	700-800	100-300	1 600
1845	Eerw. W. Y. Thomson	700	150	
1846	Eerw. W. Y. Thomson	900	Dag 150; kleuter 80	6 000
1847	Eerw. W. Y. Thomson			
1848	Eerw. W. Y. Thomson	500	85	

Jaar	Sendeling	Kerkbywoning	Skoolbywoning	Stasiebewoners (Griekwas en andere)
1849	Eerw. J. Wright (tydelik)	300-400	150	
1850	Eerw. J. Christie	300-400	110	
1851	Eerw. C. J. van der Schalk	600-700	70	
1852	Eerw. E. Solomon			
1853	Eerw. E. Solomon	250-700	250	
1854-56	Eerw. E. Solomon			
1857-61	Eerw. W. B. Philip			3 000 (verhuis)

*Bron: Sendingrapporten 1823-1861.

VERWYSINGS

- 1 Halford s.j.:1-20, 42-47, 64-70; Stow 1905:316-377; Pretorius, R. de V. 1963:3-17; Marais 1957:1-73; Ross 1976:12-40; Malan 1929:14-21; Muller 1974:64-66; Macmillan 1963:53-70; Midgley 1949:1-48.
- 2 John Philip is in 1777 in Skotland gebore as seun van 'n wewer, James Philip (later verander na Philip). Op elfjarige leeftyd verlaat hy die skool, word spinner en wewer, kom tot bekering en word as predikant opgelei aan die Haxton-kollege, Londen. Nadat hy twee gemeentes as leraar bedien het, word hy in 1819 deur die LMS na Suid-Afrika gestuur. Terselfdertyd 'koop' die direkteure vir hom twee doktorsgrade, een elk van die universiteite van Columbia en Princeton, aangesien hulle van mening was dat dit meer statuur aan Philip sou verleen (*Biografiese Woordeboek I*: 641).

Soos algemeen bekend, het Philip hom weldra aan die Kaap ernstig met politieke sake bemoei en die verskyning van sy boek *Researches in South Africa* (1928) het 'n storm van verontwaardiging ontketten. Tog verdedig Lovett in sy standaardwerk oor die geskiedenis van die LMS die werk in dié woorde: 'In a book covering so large an area, and dealing with such bitterly controverted subjects, it was unlikely that slips and errors would be entirely avoided ... It was perhaps possible here and there to convict Dr. Philip of some slight inaccuracy, and these were astutely used to divert attention from the enormous mass of irrefutable testimony adduced in support of his main contentions' (Lovett 1899:549).
- 3 Die luitenant-goewerneur van die Kaap, sir Richard Bourke, het Philip se reëlings goedgekeur en Adam Kok as hoof van die Philippolis-Griekwas erken (*Imperial Blue Book* 1936:149-151). Op 22 Junie 1926 het James Clark skriftelik die stasie Philippolis en die grond wat daar toe behoort het, naamlik die gebied tussen die Oranje- en die Modderrivier, vir so ver die LMS daaroor beskik het, aan Adam Kok en sy volgelinge oorgemaak (Van der Merwe 1937:249).
- 4 Die gegewens vervat in hierdie en daaropvolgende paragrawe, is (indien nie anders vermeld nie) ontleen aan die volgende bronne: Pretorius 163:27-30; Ross 1976:22-40; Halford, s.d.:66-70; Marais 1957:32-73; Muller 1974:64-66; Stow 1905:362-403; Cory 1921-30, deel IV:276; Malan 1929:479, 480.

- 5 Hendrik Hendriks, die skoonseun van Adam Kok, kon goed lees en skryf, maar hy was beslis nie by almal geliefd nie. So byvoorbeeld beskryf dr John Philip hom in 1836 as ‘the worst and most dangerous man among that party, clever and plausible, but a thorough scoundrel ...’, terwyl dr Andrew Smith, die 19de-eeuse reisiger, ’n jaar later beweer dat Hendriks hom heeltemal aan die misbruik van sterk drank oorgegee het en hy daarom dikwels nie in staat sou wees om sy pligte na te kom nie (Pretorius 1963:28, 29).
- 6 Hierdie Griekwa-wetboek berus in die Vrystaatse Argief en word bewaar in ’n band gemerk ‘Cornelius Kok, Adam Kok, 1840-1861’. Dit bevat ‘algemeene wetten’ en ‘dorps wetten’, asook wetgewing in verband met doodslag, rowery, huwelike, drankmisbruik, ens. By elke wet word die toepaslike straf of boete aangedui.
- 7 Dr John Philip skryf by geleentheid (1825) dat hy die werk van eerw. James Clark onder die Boesmanbewoners van Philippolis waargeneem het, ‘but the pleasure we experienced on visiting it [die sendingstasie] arose more from the hope of what might be done, than from any thing which had as yet been effected’ (Philip 1928:90).
- 8 Mellvill, gebore op 10 Junie 1787 in Londen, was eers goewermentsagent te Griekwastad en daarna landmeter en inspekteur van openbare geboue in Kaapstad. In 1827 is hy deur die direkteure van die LMS as sendeling aanvaar en onmiddellik na Philippolis gestuur (Register: 259).
- 9 Eerw. Kolbe was voorheen verbonde aan die Graaff-Reinetse Sendinggenootskap waar hy onder die slawe gewerk het. Op 29 Julie 1829 is hy deur die direkteure van die LMS as sendeling aanvaar en na die Caledonrivier-sending gestuur om saam met eerw. James Clark (voorheen van Philippolis) onder die Boesmans te werk. Hy arriveer op 13 Maart 1831 te Philippolis en word op 26 Mei 1833 deur die Franse sendelinge Lemue, Pellissier en Arbousset (wat in die omgewing gearbei het) georden (Register: 278).
- 10 In 1833 is daar aan die Kaap ’n ‘Association for the Exploration of Central South Africa’ gestig en Smith, ’n medikus, is as direkteur aangestel. Die ekspedisie wat weldra op die been gekry is om die onbekende gebiede van Suidelike Afrika te gaan verken het, benewens Smith, bestaan uit ’n landmeter, ’n sterrekundige, twee tekenare, vier blanke soldate, vier nie-blanke lede van die ‘Cape Mounted Rifle Corps’ en enkele handelaars (*Diary of Dr. Andrew Smith*: 69).

- 11 Op 12 September 1835, op pad terug van die Kaap waar hy (tevergeefs) politieke sake met die koloniale regering probeer bespreek het, is Adam Kok II in die omgewing van die Bergvlier oorlede. Sy oudste seun, Abraham, is vervolgens gekies om hom as kaptein te Philippolis op te volg, maar weens sy swak morele karakter was hy onaanvaarbaar vir baie inwoners en met die hulp van die sendeling in sy jonger broer, Adam Kok III, in September 1837 met 'n meerderheid van stemme as hoofman verkies (Theal 1908:414).
- 12 Theophilus Atkinson, gebore 25 Oktober 1804 te Ipswich, Engeland, is op 19 Mei 1829 georden en onmiddellik na Suid-Afrika gestuur. Hy arriveer op 7 Oktober 1829 aan die Kaap en nadat hy op verskillende sendingstasies van die LMS gearbei het, word hy te Philippolis geplaas (Register: 276).
- 13 Die onderwysstelsel wat gedurende die dertigerjare van die 19de eeu in Engeland in swang was, kan kortliks soos volg opgesom word: (1) godsdiensonderwys het 'n ereplek in die skool beklee; (2) die idees van Pestalozzi (aanskouingsonderwys), Herbart (die formele leertrappe) en Fröbel (kindertuin) was besig om al vinniger veld te wen; (3) in die praktiese onderrig-situasie was die sogenaamde 'monitorial system' van Bell en Lancaster in gebruik (Peterson 1960:9, 70).
- 14 Gottlob Schreiner, vader van die later bekende skryfster Olive Schreiner, is op 6 Augustus 1814 te Württemberg in Duitsland gebore. As lidmaat van die Lutherse kerk is hy deur die LMS aanvaar en op 29 Junie 1837 in Londen tot sendeling georden. Hy tree op 7 November 1837 in die huwelik, arriveer op 6 Februarie 1838 aan die Kaap en word aanvanklik op die Katriviersendingstasie geplaas (Register: 360).
- 15 In sy biografiese werk oor Olive Schreiner, die dogter van eerw. Gottlob Schreiner, sê Karel Schoeman van dié sendeling (Schoeman 1989:32-34): hy het ernstig met sy mede-sendeling op Philippolis (eerw. Atkinson) oorhoop gelê en nie veel sukses met sy sendingwerk behaal nie; ook was daar onenigheid tussen hom en die Griekwa-bevolking en hy het inderdaad iemand in diens gehad om namens hom handel te dryf; daarby het hy by geleentheid geweier om voor die Griekwa-magistraat te verskyn om klages teen hom aan te hoor en sou selfs die hoofman as 'n dief bestempel het; laastens: as gevolg van Schreiner se teenwoordigheid sou eerw. Atkinson homself in 1840 na Colesberg 'teruggetrek' het, waarop dr John Philip sou opgemerk het: 'Atkinson has run away from Schreiner.' (Vgl. in dié verband Le Cordeur & Saunders 1976:209, 219, 227.)

- 16 Eerw. Wright, gebore 1798 in Engeland, is aanvanklik deur die LMS as handwerksman na die Kaap gestuur, waar hy op 28 November 1821 arriveer. Onder dr Philip se leiding berei hy hom voor as kategis en word op 14 Maart 1826 georden, waarna hy as die hoofsendeling te Griekwastad aangewys word (Register: 221).
- 17 Eerw. Thomson was voorheen sendeling te Kaapstad (Register: 462).
- 18 Laasgenoemde twee skole, naamlik die naaldwerk- en kleuterskool, was in beheer van mev. Wright en mej. Wright, respektiewelik weduwee en dogter van die afgestorwe eerw. Peter Wright; hulle het ná die sendeling se dood op Philippolis aangebly en is aldaar deur die LMS versorg (Sendingrapport 1843/44).
- 19 George Christie is in Julie 1802 in Engeland gebore en ná sy ordening op 13 Januarie 1830 na Kalkutta gestuur. Hy verhuis weldra na Kaapstad waar hy in die huwelik tree met dr John Philip se dogter Mary. In 1849 word hy na Philippolis gestuur, dog reeds die volgende jaar vertrek hy na Hankey om in die ‘Missionary Seminary’ behulpsaam te wees (Register: 282).
- 20 Van der Schalk is in September 1805 in Nederland gebore en arriveer op 2 Julie 1842 aan die Kaap. In 1850 word hy as onderwyser te Philippolis geplaas, maar bedank reeds in September 1851 uit die LMS (Register: 499).
- 21 Edward Solomon, gebore in 1920, is in 1839 deur dr John Philip as skoolmeester te Kaapstad aangestel; hy word in 1840 georden en begin sy sendingarbeid op Griekwastad, waar hy weldra besondere sukses behaal (Register: 434). J. J. Freeman beskryf hom soos volg: ‘... an accredited and valuable Missionary, trained for the service by the judicious instructions and paternal care of Dr. Philip ... honoured by the people and approved of God’ (Freeman 1851:236).
- 22 As gevolg van hierdie besluit was ’n uiters waardevolle en insiggewende première bron, naamlik die jaarlikse Sendingrapportes in verband met Philippolis, nou nie meer vir die navorsing beskikbaar nie.
- 23 Philip is op 6 Desember 1829 as seun van dr John Philip in Edinburgh, Skotland, gebore. Nadat hy die BA-graad verwerf het, ontvang hy opleiding as sendeling en word op 17 Junie 1856 georden. Nog dieselfde jaar kom hy in Suid-Afrika aan en word in 1857 na Philippolis gestuur (Register: 535).

BRONNELYS

- Backhouse, J. 1844. *A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa*. London: Hamilton & Adams.
- Cape Monthly Magazine*. 1872. 'The Griquas and their Exodus', Desember-uitgawe.
- Cory, G. E. 1921-1930. *The Rise of South Africa*, 5 dele. London: Longmans-Green.
- Diary of Dr. Andrew Smith, 1834-1836*. 1939. Editor: P. R. Kirby. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Dower, W. 1902. *The Early Annals of Kokstad and Griqualand East*. Port Elizabeth: Kemsley.
- Du Plessis, J. 1911. *A History of Christian Missions in South Africa*. London: Longmans, Green & Co.
- Freeman, J. J. 1851. *A Tour in South Africa*. London: Snow.
- Government House (CO 1382), nr. 69 van 1844, Kaapse Argief.
- Government House 19/4 (CO 1011), Kaapse Argief.
- Halford, S. J. s.d. *The Griquas of Griqualand. A Historical Narrative of the Griqua People. Their Rise, Progress, and Decline*. Cape Town: Juta.
- Horne, C. S. 1894. *The Story of the LMS, 1795-1895*. London: LMS
- Imperial Blue Book*. 1836. Report from the Select Committee on Aborigines (British Settlements); together with the Minutes of Evidence. London: House of Commons.
- Imperial Blue Book*. 1851. Report from the Select Committee on the Kafir Tribes together with the proceedings of the Committee, Minutes of Evidence, Appendix and Index. London: House of Commons.
- James, A. T. S. 1923. *Twenty-five Years of the LMS, 1895-1920*. London: LMS.
- Jacobs, J. F. 1943. *Die Griekwas en hul Bure*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Le Cordeur, B. & Saunders, C. 1976. *The Kitchingman Papers*. Johannesburg: Brenthurst Press.
- Lovett, R. 1899. *The History of the London Missionary Society, 1795-1895*. London: Oxford University Press.
- Mackenzie, J. 1871. *Ten Years North of the Orange River*. Edinburgh: Edmonston & Douglas.
- Macmillan, W. M. 1928. *Bantu, Boer and Briton*. London: Faber & Gwyer (herdruk: 1963).
- Malan, J. H. 1929. *Die Opkoms van 'n Republiek of die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

- Marais, J. S. 1957. *The Cape Coloured People, 1652-1937*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Midgley, J. F. 1949. *The Orange River Sovereignty (1848-1854)*. Kaapstad: Argiefjaarboek, deel II.
- Morison, J. s.d. *The Fathers and Founders of the London Missionary Society*. London: Fisher.
- Muller, C. F. J. 1974. *Die Oorsprong van die Groot Trek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Oberholster, J. J. 1945. *Die Anneksasie van Griekwaland-Wes*. Argiefjaarboek, Agste Jaargang.
- Peterson, A. D. C. 1960. *A Hundred Years of Education*. London: Duckworth.
- Philip, J. 1928. *Researches in South Africa*. London: J. Duncan.
- Pretorius, R. de V. 1963. Die Geskiedenis van die 'Vrystaatse' Griekwas, 1825-1862. MA-verhandeling, UOVS.
- Register of Missionaries Deputations, etc. from 1796-1923. 1923. Prepared by James Sibree. London.
- Reports of the Directors to the General Meeting of the Missionary Society called the London Missionary Society. 1824-1856. (Verkort tot Sendingrapportes.)
- Ross, R. 1976. *Adam Kok's Griquas. A Study in the Development of Stratification in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Schoeman, K. 1989. *Olive Schreiner, 'n Lewe in Suid-Afrika*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Stow, G. W. 1905. *The Native Races of South Africa*. London: Swan Sonnenschein.
- Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (deel I). 1968. 'Philip, John', pp. 641-649.
- Theal, G. M. 1908. *History of South Africa since Sept. 1795*, vol. II. London: Swan Sonneschein.
- Van der Merwe, P. J. 1937. *Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842*. Den Haag: Stockum.
- Wiersinga, H. A. 1959. *Geschiedenis van de Zending*. Kampen: Kok.



ISBN 0 86981 685 3